Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: Thursday, April 26, 2018
Page: 6

# Nkandla: Saak teen argitek 'gou in hof'

Philda Essop

Die siviele saak teen die argitek wat by die Nkandla-skandaal betrokke is, behoort binne maande in die hof te wees.

LP's het adv. Andy Mothibi, hoof van die spesiale ondersoekeenheid, gister uitgevra oor die vordering wat in die ondersoek na die veiligheidsopgraderings in Nkandla, oud-pres. Jacob Zuma se private woning in KwaZulu-Natal, gemaak word.

Mothibi het 'n afvaardiging van die spesiale ondersoekeenheid gelei na die parlement wat 'n voorlegging aan die portefeuljekomitee oor justisie oor sy jaarlikse prestasieplan en begroting gelewer het.

Hy het gesê daar was verwysings vir tugoptrede sowel as siviele optrede. "Wat die tugproses betref, was dit die plig van die departement van openbare werke om te verseker dat dit plaasvind."

Een van die eenheid se hoëprofielsake is die siviele eis teen Minenhle Makhanya, wat die hoofargitek van die Nkandla-projek was wat belastingbetalers R246 miljoen gekos het.

Mothibi het gesê die siviele proses vir verhaling wat teen die argitek ingestel is, neem "taamlik lank".



Adv. Andy Mothibi
Foto: DAILY SUN

"Dit is omdat allerhande regstegniese kwessies deur die ander party geopper is. Onlangs het die prokureurs van die argitek hulle ook as sy regsverteenwoordigers onttrek. Ons moes byna van voor af met die proses begin het," het hy gesê.

Adv. Gerhard Visagie, korporatiewe regspraktisyn van die spesiale ondersoekeenheid, het op dieselfde sitting bygevoeg dat die kwessie gekenmerk word deur wat net as "vertragingstaktiek" beskryf kan word.

"Die nuwe prokureurs is nou aan boord en daar is ver met die saak gevorder. Ons is in die stadium waar voorverhoorkonferensies plaasvind. Ons verwag dat die siviele eis binne die volgende paar maande geskeduleer sal word," het hy gesê.

■ Ook die kantoor van die hoofregter het aan LP's oor sy jaarlikse prestasieplan en begroting verslag gedoen.

Memme Sejosengwe, sekretaris-generaal in die kantoor van die hoofregter, het gesê sedert die inbraak in Maart verlede jaar by die hoofkantoor van die hoofregter in Midrand, Gauteng, word steeds van private sekerheidsdienste gebruik gemaak.

Altesaam 15 rekenaars is in die inbraak gesteel.

Sy het gesê sedert die saak by die polisie aanhangig gemaak is, is daar geen vordering nie. Niemand is nog in hegtenis geneem of skuldig bevind nie.

Die sekerheid in die gebou is sedert die inbraak verbeter.

'n Vergadering tussen hoofregter Mogoeng Mogoeng en Bheki Cele, minister van polisie, het die afgelope twee weke plaasgevind.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.